



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

EKONOMIE V2

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
 - AFDELING A: VERPLIGTEND
 - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
 - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Skryf die nommer van die vraag boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.
7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**30 PUNTE – 20 MINUTE****VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die inkomste verkry uit die verkoop van een addisionele eenheid van 'n produk word ... inkomste genoem.

- A gemiddelde
- B ekstra
- C totale
- D marginale

1.1.2 Die besluit van een maatskappy beïnvloed die besluite van ander maatskappye.

- A Samespanning
- B Onderlinge afhanklikheid
- C Kartel
- D Prysleierskap

1.1.3 Wanneer die tipes en hoeveelhede goedere of dienste wat verbruikers verkies, geproduseer word.

- A Produsente-surplus
- B Produktiewe doeltreffendheid
- C Toewysingsdoeltreffendheid
- D Tegnieuse doeltreffendheid

1.1.4 'n Firma wat 'n onbeduidende rol in die bepaling van pryse in die mark speel, staan as 'n ... bekend.

- A oligopolie
- B monopolie
- C prysmaker
- D prysnemer

1.1.5 'n Situatie waar pryse so vinnig styg dat mense vertroue in die waarde van geld verloor, kan as ... beskou word.

- A inflasie
- B stagflasie
- C hiperinflasie
- D hooflyn-inflasie

1.1.6 Wanneer toeriste Suid-Afrikaanse wildplase besoek, word dit ... toerisme genoem.

- A eko-
- B sake-
- C kulturele
- D uitgaande

1.1.7 Die bevel-en-beheerbenadering wat op die omgewingsimpak van besoedeling fokus word ... genoem.

- A hoeveelheid standarde
- B gehalte standarde
- C 'n vrywillige ooreenkoms
- D die Rio+20-ooreenkoms

1.1.8 Die proses waar bome van die land verwyder word en nie vervang word nie, staan as ... bekend.

- A agteruitgang
- B erosie
- C ontbossing
- D herwinning

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9.J.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 'n Mark	A verhoging in salarisse wat daartoe lei dat werkers 'n hoër inkomstebelastingkoers betaal
1.2.2 Volmaakte mark	B opgelê op die produksie van goedere wat eksterne omgewingskoste genereer
1.2.3 Versonke koste	C tradisies, rituele of musiek wat uniek is aan 'n gegewe kultuur van die samelewing
1.2.4 Merietegoedere	D firmas wat beheer oor die markprys het
1.2.5 Kerninflasie	E meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste bymekaar bring
1.2.6 Skaal-kruip	F hierdie word ondervoorsien deur die mark, maar is voordelig vir die samelewing
1.2.7 Inheemse kennisstelsel	G sluit items uit die VPI-mandjie wat 'n hoë pryswisselvalligheid toon
1.2.8 Groen belasting	H markstruktuur met baie firmas wat homogene produkte verkoop
	I kan nie verhaal word nie, selfs al sluit die besigheid

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir die volgende beskrywing. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die produksieperiode waarin ten minste een van die produksiefaktore vas is

1.3.2 'n Mark waar onwettige goedere gekoop en verkoop word

1.3.3 Die koste vir die samelewing wat nie in die markprys ingesluit is nie

1.3.4 Toeriste van ander lande wat na Suid-Afrika kom om plekke van belang te besoek

1.3.5 Tipe inflasie waar die totale vraag na goedere en dienste die totale aanbod oorskry

1.3.6 Die vermoë van 'n omgewing om die ekonomiese gebruik daarvan te oorleef (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.


VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE voorwaardes van perfekte markte. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe beïnvloed die bestaan van kartelle die ekonomie? (2)

2.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Identifiseer normale wins in die grafiek hierbo. (1)

2.2.2 Noem enige EEN totale kostekomponent. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *eksplisiete koste*. (2)

2.2.4 Waarom sou firmas koste aangaan selfs wanneer die produksie nul is? (2)

2.2.5 Gebruik die grafiek hierbo om te verduidelik hoe winsmaksimering deur die firma bereik word. (2 x 2) (4)


2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ONTRAFELING VAN UBER EATS SUID-AFRIKA SE 2025-DRANGEVERSLAG

Die 2025 Uber Eats Drangeverslag het aan die lig gebring dat Suid-Afrikaners afleweringprogramme vir meer as net 'n vinnige maaltyd gebruik.

Volgens die data het die platform 'n medium geword vir "kultuur, sorg en konneksie", met gebruikers wat alles van spesiale versoeke in hoofletters tot poëtiese liefdesbriefies saam met hul bestellings stuur.

Terwyl kruideniersware-aflewering aan die toeneem is, bly gebraaide hoender die land se onbetwiste gunsteling en oorheers dit die bestellyste in elke groot stad vir nog 'n agtereenvolgende jaar.



[Aangepas uit www.inboundsa.com]

- 2.3.1 Identifiseer die nieprys-strategie wat in die uittreksel hierbo genoem word. (1)
- 2.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n besigheid wat onder monopolistiese mededinging funksioneer. (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *nieprys-mededinging*. (2)
- 2.3.4 Verduidelik waarom monopolistiese mededinging as 'n hibriede markstruktuur beskryf word. (2)
- 2.3.5 Hoe bereik monopolistiese mededinging handelsmerklojaliteit? (2 x 2) (4)
- 2.4 Verduidelik kortliks hoekom 'n volmaakte mededinger dit moeilik sal vind om op lang termyn 'n ekonomiese wins te maak. (4 x 2) (8)
- 2.5 Analiseer die negatiewe impak van samespanning in die ekonomie? (4 x 2) (8)
- [40]**


VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE monetêre maatreëls wat gebruik kan word om inflasie te bestry. (2)

3.1.2 Hoe lei besoedeling tot die verlies aan biodiversiteit? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: BLS; Die mees onlangse jaarlikse gewigte was gedoen in Desember 2024]

3.2.1 Identifiseer enige EEN komponent wat binne die inflasieteiken in die grafiek hierbo val. (1)

3.2.2 Wat is die hersiene inflasieteiken in Suid-Afrika? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *inflasieteiken*. (2)

3.2.4 Hoe sal 'n styging in die inflasiekoers lae-inkomsteverdieners benadeel? (2)

3.2.5 Hoe kan prysonstabiliteit die ekonomie negatief beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OPENBARE BEWUSTHEID EN OPVOEDING VAN
KLIMAATSVERANDERING**

Die ingeligte deelname van alle belanghebbendes aan Suid-Afrika se klimaatsveranderingsreaksie is noodsaaklik vir die bereiking van Suid-Afrika se klimaatsveranderingsdoelwitte deur verbeterde bewustheid en begrip van die oorsake van klimaatsverandering. As deel van die pogings om die beleidsmandaat hierbo te bereik, het die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) 'n navorsingsopdrag gegee om die huidige vlak van onderwys en bewustheid met betrekking tot klimaatsverandering in Suid-Afrika en die relevansie daarvan in die bereiking van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 aspirasies vas te stel.

[Bron: www.soer.environment.gov.za]

- 3.3.1 Identifiseer enige EEN maatreeël om omgewingsvolhoubaarheid in die uittreksel hierbo te verseker. (1)
- 3.3.2 Noem EEN omgewingsprobleem. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die konsep *aardverwarming*. (2)
- 3.3.4 Hoe beïnvloed bewaring die omgewing positief? (2)
- 3.3.5 Hoe kan die regering die omgewing in Suid-Afrika beskerm? (4)
- 3.4 Onderskei tussen die *verbruikersprysindeks (VPI)* en die *produsenteprysindeks (PPI)*. (8)
- 3.5 Hoe suksesvol was die regering in die toepassing van die maatreëls wat tydens die Johannesburg Beraad in 2002 ooreengekom is om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? (4 x 2) (8)
- [40]**


VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE hindernisse wat verhoed dat nuwe besighede markte betree. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom het inflasie 'n negatiewe uitwerking op die betalingsbalans? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Identifiseer die markstruktuur in die spotprent hierbo. (1)

4.2.2 Noem die tipe wins wat op lang termyn in hierdie mark gemaak word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die konsep *natuurlike monopolie*. (2)

4.2.4 Waarom sou 'n monopolis soms misluk om nie ekonomiese wins te behaal nie? (2)

4.2.5 Hoe kan 'n monopolie die ekonomie benadeel? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.3.1 Identifiseer die sektor in die prente hierbo. (1)
- 4.3.2 Noem enige EEN hernubare hulpbron. (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die konsep *ontbossing*. (2)
- 4.3.4 Waarom misluk markte om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? (2)
- 4.3.5 Hoe bevorder eiendomsregte omgewingsvolhoubaarheid? (4)
- 4.4 Gebruik 'n duidelik benoemde diagram om die afleiding van die aanbodkurwe van 'n besigheid te verduidelik. (4 x 2) (8)
- 4.5 Analiseer die negatiewe impak van geadministreerde pryse op die ekonomie. (4 x 2) (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 40 MINUTE

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. • 'n Goeie beginpunt is om die hoofkonsep wat verband hou met die vraagonderwerp, te definieer. • MOENIE enige deel van die vraag in jou inleiding insluit NIE. • MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE. • VERMY om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek.	Maks. 2
Liggaam Hoofdeel: Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/ Differensieer/ Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Bykomende deel: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor	Maks. 10
Gevolgtrekking Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit: • 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om reeds genoemde feite te herhaal • Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is • Bykomende ondersteunende inligting om die bespreking/analise te versterk • 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

40 PUNTE – 40 MINUTE

- Met behulp van relevante grafieke, bespreek in detail staatsingryping as 'n gevolg van markmislukkings. (26 punte)
- Waarom is 'n verhoging in die minimumloon tydens 'n ekonomiese resessie nie 'n effektiewe staatsingryping nie? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

40 PUNTE – 40 MINUTE

- Ondersoek in detail die voordele van toerisme. (26 punte)
- Hoe bevoordeel toerisme die Suid-Afrikaanse ekonomie? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150